

'n Stukkie ongereptheid

Réunion is 'n vulkaniese eiland met sulke skouspelagtige natuurskoon jy kan wonder of dinosourusse nog daar woon, skryf Maryke Roberts





“Réunion? Dis mos die hoofstad van Mauritius?” vra 'n vriend. Nee, verduidelik ek, dis 'n eiland in die Indiese oseaan, net anderkant Madagaskar.

Ons gaan op hierdie Franse eiland kuier en deels ons eie verkenning doen en deels 'n gids inspan om ons die geheime van die vulkaniese stukkie land te leer. Dis 50 km x 70 km groot en só heuwelagtig dat slegs 850 000 mense daar woon. Ons verdeel ons tyd tussen Saint-Gilles-les-Bains in die weste tot duskant Saint-Pierre in die suid-weste, 'n kort afstand uit mekaar, maar met reuseverskille – selfs in die klimaat.

Dis Air Austral se murgsagte beesvleis en rooiwyn op die vieruurvlig vanaf Johannesburg wat ons ons eerste voorsmaak gee van die gasvryheid van die mense.

Ons land om 01:00 op die lughawe in Saint-Denis en ry per taxi na die dorpie Saint Gilles-les-Bains, wat meer as 'n halfuur weg is. Ons is verbaas oor die warm, klewerige hitte daardie tyd van die nag en kan nie wag om te sien hoe die eiland lyk nie. Maar vir eers moet ons tevrede wees met die snelweg reg langs die see, met die maanlig wat silwer strale oor die pikswart water gooi en hier en daar 'n klein silwer liggie van 'n visserskuit.

Dis die volgende oggend oor koffie en Nutella-pannekoeke dat Patricia Lefevre van die toerismekantoor by ons aansluit.



Dis amper snaaks om aan die eiland as 'n hele land met verskeie dorpie, meer as 30 mikroklimatiese en selfs 'n baie kwaai vulkaan te dink, want die grense van die land is net 'n rapsie groter as dié van Kaapstad.

Patricia vertel Réunion is 'n adrenaliensport-paradys. Sy kyk oor die mense wat saam met ons onder die rietdak en palm-bome van die Lux Ile de la Réunion sit en voeg by: "Dis die naaste eksotiese eiland minder as vier uur weg van Suid-Afrika."

Wat reis daarheen in die toekoms nog makliker gaan maak, is dat Suid-Afrikaners voortaan nie meer visums sal nodig hê vir die eiland nie, vertel sy. Sy is reg, hierdie paradys vra geen lang vlugte en oorstaan op vreemde lughawens nie, en jy is vinnig-vinnig hier.

Die land is so Frans selfs die padtekens is identies aan dié in Frankryk. Die euro is die amptelike betaalmiddel, die paaie is uitstekend en herinner aan Eerstewêreld-Europa en die dorpie is deurspek met klein bakkerie en slaghuise met ooms wat hul eie koue vleise, *foie gras* en kaas maak. Koffie is sulke pikswart, sterk stroop wat jou hare wil laat regop staan en op klein oop stukkie grond speel mans *boule*.

'n Vriend wat verlede jaar daar was, het genoem dat Réunion meer op landaktiwiteite as see-uitstappies ingestel is omdat die seestrome baie sterk is, daar deesdae ook haai-aanvalle is en omdat die land net

35 km se "vriendelike en veilige strande" het. Maar Patricia vertel van die binne-landse mere waar jy op 'n branderplank kan regop staan en met 'n lang spaan roei – met oorgroeiende rotswande wat honderde meters bo jou uittoring. En die water is warm – wat hemels klink.

Ons val in die pad om wyn in Cilaos te proe en verkyk ons aan die hoeveelheid sweefglyers wat rondom Saint Louis teen die blou lug hang. Die stukkie strand onder langs die snelweg se sand is pikswart weens die lawagrond en enkele meters verder is die volgende stukkie strand spierwit. 'n Beskutte meertjie word deur koraalriewe van die wye oseaan afgesper.

Ons gids, Nicolas Barniche, vertel ons onderweg na die wynstreek dat alles op die eiland gedoen word met die strewe na perfekte. Die land produseer 'n geringe een ton Bourbon Puinto-koffie per jaar, waarvan meer as die helfte na Japan en Europa uitgevoer word en só duur is dat die plaaslike inwoners dit nie drink nie. Net toeriste in duur hotelle kry die kans om dit te proe. Ook die vyf soorte suiker wat daar produseer word, selfs die rum en die vlugolies soos roosgeranium, ilang-ilang en bloekom, is van die wêreld se beste. Vrugte soos lietsjies, pynappel, mango's en piesangs word uitgevoer en Nicolas vertel: "Ons is 'n tropiese eiland – jy giet reën en plante kom op."


Ons is verstom oor hoe die landskap verander op die steil, nou "pad van 420 draaie" na Cilaos wat in die middel van 'n uitgewerkte vulkaan sit. Dit is ook waar die hoogste piek op die eiland, Piton des Neiges, of sneeupiek, is.

Eers ry ons deur savanna-heuwels en vinnig is ons in tropiese woude met watervalle wat meters ver val en bergwande wat loodreg opstaan. Klein nedersettings is hoog in die berge. Die heuwels is so skerp en dramaties dat 'n mens amper wonder watter brute krag die natuur hier geopenbaar het om rotse so te breek en sulke diep ravyne uit te kalwe dat die rivier amper soos 'n klein potloodstrepie meters onder die pad kronkel.

Ons stop langs die pad vir 'n yskoue bier en geniet tradisionele Kreoolse kookkuns: "cari" of "carry", afhangend van die spyskaart, en dit herinner aan 'n Maleise kerrie, kompleet met lensies en rys en 'n brandsous daarby.

Réunion het geen inwoners gehad toe die Franse in 1642 hier geland het nie en daarom is dit nie 'n onafhanklike land nie, want dit was nog altyd in Franse besit.

Ons hoor by Melissa Boyer, die proelokaalbestuurder by die koöperatiewe Le Chai de Cilaos, dat hul lede, 'n handjie vol Kreole wat saam net meer as sewe hektaar wingerde het, net vier wyne produseer. Die res van die jaar wy hulle aan die produksie ▶



pak jou tas



van lensies en groente en vrugte wat op markte verkoop word, of onder mekaar uitgeruil word.

Cilaos bestaan 'n klein oppervlakte tussen onherbergsame heuwels, maar het 30 verskillende mikroklimatiese en 20 verskillende grondsoorte. Hoe die arme mense wingerde verbou en wyn kan maak, gaan my verstand te bowe. Maar Nicolas sê Kreole is op hul gelukkigste met hul tone in die grond.

Melissa sê hulle is Frans en moet net eenvoudig wyn maak. "Ons streef nie hier daarna om die beste wyn te maak nie, die Franse vasteland doen dit namens ons, maar ons is trots daarop dat ons wel wyn produseer. Geen wyn word uitgevoer nie omdat ons produksie te laag is, en Franse besoekers koop die meeste van ons wyn."

In Oktober word die jaarlikse wyn- en lensiefees in Cilaos gehou en dan is daar verkeersknoppe vir 5 km in elke rigting en uit die piepklein dorpie.

Lensies aard baie goed in die droë grond in die bergpieke en lensies word meestal met die hand geplant en geoes. Dis egter nogal duur weens die handarbeid. As jy kyk teen watter ongelooflike hellings dit gesaai word en hoe die boere met toue tot by hul landerye afklouter, verstaan 'n mens die prys heeltemal.

Ons val doodmoeg neer op ons bed in die hotel-restaurant Le Vieux Cep, wat 'n onbelemmerde uitsig oor die dorpie en

bergpiek bied.

Op die heuwel agter die kerk hou Piton des Neiges 'n allemintige 3 070 m bo seespieël wag. Heelmiddag is dit toe onder die mis, maar teen middernag, toe ons met koffie op die balkon sit, trek die mis weg en die volmaan skyn op die pieke.

Die stilte in die dorpie so hoog bo die see is amper tasbaar. 'n Mens voel asof 'n mens in Switserland kuier – in die dorpie groei selfs malvas baldadig in blombakke.

Die volgende oggend gaan loer ons in by Maison de la Broderie waar eeu-oue borduurkuns deur 'n paar vroue beoefen word. Soos baie ander handwerk sterf die kuns nou uit. Suzanne Maillot, wat op haar dag borduurpryse in Parys gewen het, vertel studente van Swede het onlangs kom kuier en die vroue het die kunsvorm aan die jongmense oorgedra in die hoop dat dit nie sal uitsterf nie.

Vroue sit by vensters, laag gebuk oor hul handwerk, waar enkele katoendraadjies met 'n naald uitgetrek word om fyn patrone te vorm. Ons koop lietsjies by 'n man wat met sy donkie verbystap. Hy beduie die vrugte het 'n halfuur gelede nog aan die boom gesit en groei in vars lug, daarom die soete verleiding.

So al kouende gaan val ons vas in 'n restaurant, bestel bier en *cari* soos *locals* en weet sommer daar wag 'n sorgeloosheid op ons die volgende paar dae.

Die **heuwels** is so skerp en **dramaties** dat 'n mens amper wonder watter **brute krag** die natuur hier geopenbaar het om **rotse** so te **breek** en sulke **diep** ravynne uit te kalf ...

Kitsfeite

- Air Austral bied Donderdae en Sondag regstreekse vlugte van Johannesburg na Saint Denis. Besoek www.air-austral.com en www.Réunion.fr
- Ons tuiste in Saint Gilles-les-Bains was Lux Ile de la Réunion in Rue du Lagon. Besoek www.luxislandresorts.com. In Cilaos het ons oorgebly by hotel-restaurant Le Vieux Cep.
- Die jaarlikse Cilaos-musiekfees word einde November gehou. Loer by www.cilaosmusicfestival.ee
- Ons toergids was Nicolas Barniche: contact@toursRéunion.com of besoek www.toursRéunion.com \.

